DIT IS VOLBRING

Week 2 - "God se groot geheim"
5 Augustus 2018

TABERNA DEI

Broers en susters, toe ek destyds vir die eerste keer na julle toe gekom het, het ek nie 'n stortvloed woorde of indruk-wekkende wysheid gebruik om aan julle God se **groot geheim,** *naamlik die Goeie Nuus, te verkondig nie. Want ek het besluit om as ek by julle is, net op Jesus Christus te konsentreer en veral op Sy* **kruisdood**. - 1 Kor 2:1-2 (NLV)

Nee, die wysheid waarvan ons praat, is die diepsinnige wysheid van God wat voorheen **geheim gehou** *is, wat God van ewigheid af daargestel het sodat ons die heerlikheid kan ontvang. Maar die heersers van hierdie wêreld het dit nie begryp nie. As hulle dit wel begryp het, sou hulle nooit ons Here aan wie die heerlikheid behoort, gekruisig het nie.*

Dit is wat die Skrif bedoel met die woorde:
"Wat geen oog gesien het; wat geen oor gehoor het; wat in niemand se hart opgekom het nie – dit het God voorberei vir hulle wat Hom liefhet." Maar **ons ken hierdie geheim** *omdat God dit deur sy Gees aan ons bekendgemaak het. Want die Gees deurvors alle dinge, ook God se diepste* **geheime**. - 1 Kor 2:7-10 (NLV)

But just as dit is written in scripture:
"Things which the eye has not seen and the ear has not heard, And which have not entered the heart of man, All that God has prepared for those who love Him [who hold Him in affectionate reverence, who obey Him, and who gratefully recognize the benefits that He has bestowed]." - 1 Kor 2:9 (AMP)

1. Watter geheim moet ek ontdek?

i. Slegs deur te glo is ek ingesluit in God se goeie nuus.

ii. Die groot geheim is dat Jesus **alles** gedoen het om my met God te versoen. Ek kan niks byvoeg nie.

iii. Ek moet ontdek wie ek in Christus is:
In Christus is ek deur God onse Vader aanvaar.

2.1 Ek is nou heilig

Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die heiliges wat in Éfese **(Polokwane)** *is, en die gelowiges in Christus Jesus: Genade vir julle en vrede van God, onse Vader, en die Here Jesus Christus!* - Efs 1:1-2 (AFR53)

He associated us in Christ before the fall of the world! Jesus is God's mind made up about us! He always knew in his love that he would present us again face-to-face before him in blameless innocence. - Efs 1:4 (The Mirror)

i. Die implikasie van die sondeval is gekanselleer.

ii. God het ons in Christus gevind voor Hy ons in Adam verloor het, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.

2.2 Ek is nou 'n lid van Jesus se liggaam

Julle is Christus se liggaam en elkeen van julle is 'n noodsaaklike liggaamsdeel. - 1 Kor 12:27 (NLV)

2.3 Ek is nou 'n triomfeerder

Ek is dankbaar teenoor God wat ons, omdat ons aan Christus verbind is, altyd saamneem in Sy triomftog... - 2 Kor 2:14 (NLV)

2.4 Ek is nou deur God self aangeneem as Sy kind.

Deur wat Christus gedoen het, het God vooraf besluit om ons as Sy kinders aan te neem. Hy het dit gedoen omdat dit is hoe Hy dit wou hê. - Efs 1:5 (NLV)

Hoe werk kindskap? Gal 4:1-6

i. Die mens begin by God. Ons is nie ons ouers se uitvindsel nie.
ii. Net soos Christus in volheid van tyd gebore is, is ek gebore in God se tyd
iii. Die groot geheim: "Ek is God se plan"
iv. Hy het my gekies - Hy het my aangeneem om Sy kind te wees.